

11 September

Skrifgedeelte: Johannes 5:1-17

“Ek het niemand nie”

So klink die hopelose uitroep van iemand wat al 38 jaar siek is!

Dieselfde woorde hoor ons ook by medelidmate wat met eiesoortige probleme worstel. Oral is daar slagoffers van eensaamheid en onbetrokkenheid. Nes die siek man bevind baie mense hulle by 'n poort waar hulle op die hulp van ander aangewese is.

Daarby is almal vandag te besig om hulp te verleen – almal behalwe ons Here Jesus. Nog voordat die siek man Jesus om hulp kom vra, weet Hy al van sy nood. Al voel dit soms dat die wêreld te vinnig voortsnel, al lyk dit baiekeer of daar niemand is wat omgee nie, die Here weet alles. In my nood kom die Here ook by my staan en vra ...

Wanneer hy ingryp, is daar onmiddellik 'n verandering. Terwyl die hele Jerusalem besig is om fees te vier, verander die Here die siek man se lot deur net 'n enkele woord te spreek. Party van die Jode wil hierdie wonder nie erken nie, en daarom berispe hulle die Here omdat die genesing op die Sabbat plaasgevind het. Eintlik weerspieël hulle optrede hulle gesindheid. Hulle wil nie betrokke raak nie.

Met ons optrede veroorsaak ons dikwels dat ons nie daar is wanneer die Here ons wil gebruik nie. Ons dien die Here maklik vanuit ons gemakstoel agter geslote deure. Tog roep die Here ons om daar te wees vir iemand in nood.

Al gebeur dit soms dat aardse bekommernisse ons wil onderkry, kan ek nogtans weet dat die Here altyd daar is vir ons. Aan die kruis het Christus gewys: Daar is altyd iemand.

Sing: Psalm 118:1 Ds PJ van Blerk (Kempton Park–Mooifontein)